# WAGTE OP DIE MURE

NUUSBRIEF VAN DIE VAN ZYL'S

Okt 2022

> "Ek het wagte op jou mure uitgesit Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie. Julle moenie stilbly nie totdat hy Jerusalem herstel het, totdat hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het (Jes 62:6-7).

Baie dankie aan almal wat die afgelope jaar gebid het vir uitreike en terugvoere in gemeentes. In ons vorige nuusbrief het ek genoem dat ek Sondag vir Sondag in gemeentes besig is met terugvoer oor my werk in Oos- en Noord-Afrika. Dit is steeds so. Die afgelope twee naweke was ek in gemeentes om terugvoer te gee en na hierdie eerskomende naweek wag daar weer drie Sondae in ander gemeentes. Ek bly steeds dankbaar vir die geleentheid om die nood van Suid-Soedan aan gemeentes in ons land bekend te maak.

**Kenia**

Na my en Liezl se besoek aan Kenia gedurende Maart, vroeër vanjaar, was daar 'n versoek van die Reformed Church of East Africa (RCEA) dat ons DV in 2023 sal terugkeer en dieselfde gebedskonferensie ook in die ander drie streeksinodes van die kerk sal kom aanbied. Liezl is gevra om te help met die ontwikkeling van kategese materiaal wat 'n groot behoefte in die RCEA is in die stadium. Daar is baie materiaal beskikbaar, maar nie alles is bruikbaar vir hierdie unieke konteks nie. Sy werk op die oomblik daaraan, maar is onseker of dit reeds teen volgende jaar gereed sal wees. Ook het die Presbyterian Church of East Africa (PCEA) in Kenia my genooi om die gebedskonferensie ook vir hulle te kom aanbied. Die beplanning is om hierdie besoek gedurende April 2023 te doen

**Suid-Soedan**

My werk in Suid-Soedan wat in die 1990's begin het, is aanvanklik gedoen onder die sambreel van Geopende Deure. Met die onttrekking van Geopende Deure uit die gebied het ek steeds voort gegaan met opleiding, maar het baie nouer met die Africa Inland Church (AIC) begin saamwerk. My ooreenkoms met die leiers was dat ek opleiding gee in gebiede waar die onrus die minste is. Behalwe die oorlog kon ek verder weens Covid verlede jaar glad nie in Suid-Soedan uitkom nie. Omdat ek vir drie jaar lank weens die voortslepende onrus in die weste gewerk het, het ek vir 'n baie lang tyd nie in Korabiat opleiding gegee nie. Korabiat is die plek waar die meeste onbereikte groepe in Suid-Soedan hulle bevind. Dit is ook hier waar my hart eintlik is. Tans het die opleiding by Korabiat feitlik tot stilstand gekom. Met die nuwe leierskap van die AIC vertrou ons dat die opleiding teen die begin van 2023 weer hervat sal word. Die plan wat vanjaar gedurende Maart op die tafel geplaas is, behels 'n proses waarvolgens ons vennootskappe wil vorm met groepe en

organisasies om ons veral te help met opleiding. Bid asseblief dat die opleiding aan die begin van 2023 weer in volle swang sal wees.

**Gesin**

Jané is steeds baie gelukkig by Mainstream, ’n maatskappy in Kaapstad wat alternatiewe vorme van energie opwek. Sy is deel van hul navorsingspan. Jacobus en Christoff is steeds besig met hul studies op Stellenbosch. Jacobus maak die einde van hierdie jaar klaar en beleef dat die Here hom voltyds roep vir Koninkrykswerk. Hy wil sy gawes tov mediawerk gebruik om die Here te dien, heel moontlik as deel van ’n mediaspan van Africa Inland Mission. Hulle gaan maak op verskeie plekke in Afrika videos en stel dit dan aan die kerk wêreldwyd bekend met die doel om gelowiges daar betrokke te kry. Hy is juis in November saam met ’n span op pad Noord-Afrika toe om ’n video te gaan maak oor die ondergrondse kerk in ’n spesifieke land.

**Dankie vir**:
Baie geleenthede van terugvoer oor die werk in Suid-Soedan.

**Gebedsversoeke:**
Vir vrede in Suid-Soedan.
Hervatting van opleiding in Korabiat.

Baie dankie dat ons kan hande vashou in hierdie werk. Aan elke gemeente en ondersteuner sê ons dankie vir jul ondersteuning om ons bediening moontlik te maak. ’n Geseënde wagbeurt word jul toegebid. Jes 62:6-7.

Kobus, Liezl, Jané, Jacobus en Christoff.